

17 Desember

**Skrifgedeelte: Esegïel 36:17-28**

**Fokusgedeelte: Esegïel 36:26, 27**

### **Lewe met 'n nuwe hart tot eer van die Here**

Hartoorplantings is tans nie meer iets nuuts nie. Hier sê die Here dat Hy aan sy volk wat in ballingskap is, 'n nuwe hart sal gee. Met die woord *hart* soos dit hier gebruik word, word bedoel: die mens na sy diepste wese, die kern van jou persoonlikheid, die oorsprong van ons denke, wil en gevoel. Omdat Juda God se gebooië aanhoudend oortree het, het hulle harte al hoe meer verkalk en versteen tot hulle uiteindelik harte van klip gekry het wat heeltemal ongevoelig vir God se gebod was. Daarom het hulle God eenvoudig geïgnoreer en gelewe volgens die sondige gedagtes wat uit hulle klipharte opgeklim het.

Nou sê die Here egter dat Hy in sy groot genade die harte van klip, wat hulle nie aan sy gebooië en aan sy strawwe en seënige steur nie, van hulle gaan wegneem en aan hulle sensitiewe harte sal gee wat intens gevoelig vir sy woorde en daede sal wees. Dit doen die Here deur sy Woord en Heilige Gees, want Hy sê: *“Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom”* (36:27). Maar daardeur word die roeping op God se volk gelê om van harte soos mense met nuwe harte te lewe. Die Here sê immers in Esegïel 18:31: *“Laat vaar al julle oortredings en kry 'n nuwe gesindheid (hart), 'n nuwe gees.”*

Ons moet met nuwe harte uit die krag van die Heilige Gees leef. Dan sal die lewe vir ons Christus wees. Om met die Heilige Gees vervul te wees, beteken immers om met Christus vervul te wees en deur Hom 'n nuwe lewe met 'n nuwe hart te verkry. Paulus sê dan ook: *“Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom”* (2 Kor. 5:17).

Leef dan soos 'n mens wie se hart en lewe deur die Heilige Gees nuutgemaak is en vertoon die vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22).

*Sing: Skrifberyming 14:1, 2 (8-1:1, 2)*

*Prof. PJ de Bruyn (Emeritus)*